


Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 07 Feb 2018
Page: 6

AVE: 18965.02
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

**Sport**

# Met knippie Soutie vlieg Tuks



Neil Brand (Tuks se kaptein) in aksie. Foto: VARSITYSPORT

**Wilhelm de Swardt**

'N "Boere-Soutie" is die rede waarom Assupol Tukskrieket waarskynlik op die oomblik die beste klubspan in Suid-Afrika is.

Die Tuks-span het die afgelope naweek in Potchefstroom vir Noordwes-Pukke in die eindstryd van die Varsity-toernooi met vyf paaltjies geklop. Pukke het eerste gekolf en in sy 20 toegelate boulbeurte 154/4 aangeteken. Neil Brand, Assupol Tuks-kaptein, het in die laaste boulbeurt met 'n vier sy span se sege verseker.

Brand is as 14-jarige op sy eie Engeland toe ter wille van sy krieketloopbaan. Hy het sy skoolloopbaan by King's College in Taunton voltooi en voortgegaan om vir Cardiff MCCU te speel, asook Glamorgan en Somerset se tweede spanne.

Sy droom om Britse burgerskap te kry het verlede jaar weens visumprobleme tot 'n einde gekom. Hy het in Desember na Suid-Afrika teruggekeer. Dit was die voormalige Protea-speler, Jacques Rudolph, wat voorgestel het dat hy dit moet oorweeg om by Assupol Tuks aan te sluit.

Brand en Kruger van Wyk (Tuks se hoofafrigter) het dadelik aanklank by mekaar gevind en Januarie het hy saam met die Tukkies vir die Varsity-toernooi begin voorberei.

Aanvanklik was daar geen sprake dat hy die span sou aanvoer nie. Maar dinge het vinnig verander toe Tony de Zorzi opgeroep is om vir die Titans te speel.

Brand het dadelik ingestem om die span aan te voer toe Van Wyk hom nader.

"In Engeland het ek heelwat kans gekry om kaptein te wees. Dit is 'n uitdaging wat ek werklik geniet."

Brand het duidelik onder die ekstra verantwoordelikheid gedy. In nege kolfbeurte het hy 300 lopies teen 'n gemiddeld van 42.9 aangeteken. Hy het ook nege paaltjies laat kantel. Dit het daartoe gelei dat hy as die Speler van die Toernooi aangewys is.

Sy waardevolste vertoning was waarskynlik in die eindronde. Hy het 'n onoorwonne 59 lopies van 57 balle gemoker.

Brand wys graag daarop dat Tuks se sukses nie net aan sy vertonings toegeskryf kan word nie. Dit was 'n ware spanpoging.

"Elke speler het in die nege wedstryde op een of ander stadium 'n waardevolle bydrae gelewer. Die telkaarte bewys dit. In die eindronde toe ons gekolf het, was dit Corbin Bosch wat gewys het hy het ys in sy are.

"Met ons telling op 70/4 ná 12 boulbeurte was ons in die moeilikheid. Corbin het kopgehou en 41 lopies van 21 balle gemoker. Dié ses wat hy in die voorlaaste boulbeurt gemoker het, het basies die oorwinning vir ons verseker."

Ruben Hermann met 64 lopies van 35 balle; Donovan Ferreira met 79 lopies van 40 balle en 43 lopies van 22 balle; Tony de Zorzi met 66 lopies van 56 balle was die ander kolwers wat in die toernooi beïndruk het.

Die beste boulers benewens Brand was Ruben Trumpleman (10 paaltjies); Bosch (7 paaltjies), Gideon Pieters (7 paaltjies) en Ferreira (5 paaltjies).

Brand sê sy nuwe doelwit is om homself van nou af in Suid-Afrikaanse krieket te laat geld.

"Ek is nie spyt dat ek Engeland toe was nie. Die feit dat ek op so 'n jong ouderdom op my eie in 'n vreemde land was, het my verantwoordelikheid geleer."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.